education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AMPTELIKE TALE
HUISTAAL
EERSTE ADDISIONELE TAAL
TWEEDE ADDISIONELE TAAL

BEGRIPSTOETS

LEESBEGRIP

HT	EAT	TAT
700-800 woorde	600-700 woorde	400-500 woorde

KEUSE VAN TEKS

- Verskeidenheid: Nie meer as 3 tekste nie
- Oorspronklik
- Interessant
- Nie diskrimineer: geslag, ras, kultuurgroep
- Verskillende soorte tekste met verskillende style
- Prente duidelik
- Advertensies alles duidelik leesbaar
- Erken die bron
- Nommer elke 5de reël

VRAE

- Kontekstuele vrae op verskeidenheid tekste
- Duidelik geformuleer en instruksies duidelik
- Vrae moenie oorvleuel nie
- Vrae moet teksgebonde wees
- Moet sover as moontlik die volgorde van die teks volg
- Karakters/syfers/letters duidelik uitkenbaar
- Prente/rame in strokie duidelik genommer
- Kognitiewe vlakke van die vrae:

VLAK	%
1 EN 2	40%
3	40%
4 EN 5	20%

SOORT VRAE

- Verskeidenheid soorte vrae (temavraag, inhoudsvraag, interpretasievraag, verduidelikingsvraag en woordeskatvraag)
- Letterlik: direkte inhoudsvraag
  - Noem die mense/plekke …
  - Identifiseer die redes/oorsake/mense …
  - Maak 'n lys van …
- Herorganiseer:
  - Vrae wat analise, sintese, of organisasie van inligting vra wat direk in die teks genoem word.
  - Som die hoofgedagte/idees ens. op.
  - Groepeer die faktore …
  - Noem die ooreenkomste/ verskille
  - Gee 'n omskrywing van …

- Watter woord in par. X sê … toets gewoonlik woordeskat. Een woord = kan slegs 1 punt tel.

- Vrae waarin verduidelik, interpreteer, vertolking, afleidings, gevolgtrekkings gemaak word – hoër vlak vraag

SOORT VRAE vervolg

- <u>Afleiding:</u>
- Vrae wat vereis dat kandidaat omgaan met inligting wat direk in die teks genoem word.
  - Verduidelik die hoofgedagte …
  - Vergelyk die idees/houdings/aksies …
  - Wat is die skrywer se doel/houding/motivering/rede
  - Verduidelik die oorsaak/gevolg …
  - Wat vertel die optrede/aksie/houding van die verteller/karakter …
  - Wat dink jy sal die gevolg wees van die optrede/aksie
  - Waar en vals
  - Meerkeusige vrae
  - Kies die regte antwoord uit die lys …
  - Voltooi …
  - Vrae oor visuele en grafiese geletterdheid
  - Ens.

SOORT VRAE vervolg

Evaluasie:
Hierdie vrae gaan oor die beoordeling van waardes en norme. Beoordeling van realiteit, geloofwaardigheid, feite en menings, geldigheid, logika en beredenering en sake soos wenslikheid en aanvaarbaarheid van besluite en aksies i.t.v. morele waardes.

- Dink jy wat gebeur is geloofwaardig/realisties/moontlik?
- Is die skrywer se argument geldig/logies
- Bespreek/lewer kritiek op die aksie/intensie/motief/houding/suggestie/ implikasie …
- Stem jy saam met die opinie/interpretasie/waarneming
- Is die skrywer/karakter/verteller na jou opinie geregverdig in die suggestie/aanbeveling dat … en gee redes vir jou antwoord.
- Bespreek krities/ gee 'n waardeoordeel oor die teks.

SOORT VRAE vervolg

Waardering:

Hierdie vrae is bedoel om die psigologiese en estetiese impak van die teks op kandadate te assesseer. Dit fokus op emosionele response op die inhoud, identifikasie met karakters en gebeure en reaksies op die skrywer se taal (woordkeuse en beeldspraak).

- Bespreek jou reaksie op die teks/gebeure/situasie/konflik/dillema.
- Bespreek die skrywer se taalgebruik.
- Bespreek die effektiwiteit van die skrywer se styl/inleiding/slot/beeldspraak/metafore …

SOORT VRAE vervolg

- Oop vrae – eie opinie of respons op stelling – vlak 4-5 (voorsiening vir bogemiddelde kandidaat)

- Stelling: WAAR/ONWAAR met motivering

  Puntetoekenning:

  Waar/onwaar korrek, geen motivering = 1

  Waar/onwaar foutief, korrekte motivering = 0

  Waar/onwaar korrek, motivering korrek = 2

SOORT VRAE vervolg

Meerkeusige itemvrae

- Afleiers almal ongeveer dieselfde lengte – regte antwoord nie sigbaar uitstaan nie.
- Alle afleiers is moontlike antwoorde wat oorweeg behoort te word – het met inhoud te doen.

- Puntetoekenning moet in ooreenstemming wees met gewigswaarde van die vraag.

SOORT VRAE vervolg

- Waak teen **stopvrae.** Benodig nog ’n punt – Gee ’n titel vir die teks – enige antwoord.

- Moenie taalvrae by begripstoets insluit nie.

- TAT-leerlinge vind dit moeilik om begrippe te verduidelik. Vra eerder …

  Watter woord/e sê vir ons …

  In reël … beteken (die woord) …

  A … C …

  B … D …

DIE MEMORANDUM

- Integrale deel van vraestel – moet volledig wees.
- Duidelike riglyne
  - Wat is reg?
  - Hoe word punte toegeken?
    (verskillende nasieners- merk dieselfde)
- Te veel moontlike antwoorde heroorweeg die vraag.
- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by HT en EAT gepenaliseer. TAT word spelling nie verkeerd gemerk nie behalwe as dit die betekenis verander. In langer antwoorde is die fokus op begrip en word spelling nie gepenaliseer nie.

DIE MEMORANDUM

- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/STEM SAAM/NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING-vrae word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Aanhalings uit die leesstuk sonder aanhalingstekens, word **nie** gepenaliseer **nie.**
- Een-woord-antwoorde in 'n volsin is korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op die een of ander wyse uitgelig word.

DIE MEMORANDUM

- Wanneer 2 of 3 feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n reeks, word **slegs** die eerste 2 of 3 feite/punte nagesien.
- Indien woorde uit ’n ander taal gebruik word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde word in die antwoord vereis word, word dit so aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Meervoudige-keusevrae: BEIDE die letter word aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is. Bv. A/Die man loop in die straat.

WENKE AAN ONDERWYSERS

- Versamel aanhoudend ’n verskeidenheid oorspronklike tekste.
- Gebruik interessante tekste wat fokus op die ervaringswêreld van die kandidaat.
- Moenie komplekse of vreeslike feitlike tekste gebruik wat die kandidate kan verwar nie.
- Vereenvoudig en verwerk die tekste wat oor die algemeen vir HT geskryf is, sodat dit geskik is vir EAT en TAT.
- Eenheid van die teks moet behoue bly wanneer dit verkort en verwerk word.
- Prente duidelik. Gekleurde prente dupliseer nie altyd duidelik nie.
- Advertensies alles duidelik leesbaar wees. Pasop vir idiomatiese taal vir TAT.
- Erken die bron
- Nommer elke 5de reël
- Stel die begripstoets op, beantwoord dit self, bêre dit so drie dae, beantwoord dit weer, vergelyk jou antwoorde, bring die veranderinge aan. Laat ’n kollega dit beantwoord, vergelyk antwoorde, bring veranderinge aan.
- Onthou die doel is om te kan sien of die kandidaat kan lees en kyk en verstaan. Daarom is toetsing van begrip en insig die belangrikste.

WENKE AAN ONDERWYSERS

- Verseker dat die puntetoekenning per vraag realisties is.
- Verseker dat die vrae nie in een gedeelte van die teks gebondel is nie, maar ontgin die hele teks.
- Stel ’n kontrolelys op om die soort vrae te analiseer en te verseker dat ’n verskeidenheid vrae gestel word.

WENKE AAN KANDIDATE

Implementeer die volgende leesstrategieë:

- Vluglees die teks om te verstaan waaroor dit gaan.
- Lees die teks weer deur.
- Lees al die vrae.
- Lees die teks weer. (Leerders mag dink dat hulle tyd mors, maar as jy begin antwoord voordat jy die leesstuk en vrae regtig verstaan, mors jy eintlik tyd.)

  Skryf 3-4 kernwoorde in die kantlyn neer.
- Soeklees die teks vir spesifieke inligting soos verlang.
- Lees met begrip om die doel van die teks te verstaan. Moenie dat woorde wat jy nie ken nie, jou ontstel nie. Probeer raai wat die woorde in konteks beteken, kyk of die woord nie met Engels ooreenkom nie, verdeel die woord in lettergrepe en kyk of jy nie gedeeltes verstaan nie.
- Lees die hele teks weer deeglik om die inhoud te verstaan/vir algemene oorsig. Skryf die gevraagde inligting neer.

WENKE AAN KANDIDATE vervolg

Beantwoording van die vrae:

- Lees die vraag. Onderstreep die instruksie. Beantwoord die vraag in jou gedagtes en lees weer die vraag. Antwoord jy volgens die instruksie? Skryf jou antwoord neer.
- Onthou dat jy nie twee keer dieselfde antwoorde kan gee nie. Vrae oorvleuel nie.
- Skryf die vraagnommers soos op die vraestel.
- Beantwoord die vrae direk. Moenie lang omslagtige antwoorde skryf nie.
- Skryf netjies.
- Herformuleer die woorde van die teks as jy gevra word om dit in jou eie woorde te skryf.
- As 2-3 feite genoem word, moenie 'n reeks skryf nie.
- As een-woord-antwoorde gevra word, moenie 'n sin skryf nie.
- Vir waar/onwaar/feite/meningsvrae, gee ook die rede/motivering/aanhaling soos gevra. Moenie een deel van die antwoord weglaat nie.
- Onthou jy kan volpunte kry, want die antwoorde is voor jou!

Kognitiewe vlakke

- Maak 'n analise van punte en die verskillende kognitiewe vlakke sodat die standaard reg is.

Vraag	Punte	Vlak 1 = 40%	Vlak 2 = 40%	Vlak 3 =20%
1	1	1		
2	2	2		
3	2		2	

- Tel totaal in vlak op.
- Deel totaal deur totaal van begripstoets x 100
  Bv. 10/25 x 100/1 = 40%